### *Nie elkeen kan die Meester liggaamlik volg nie*

**45** **Nathaniël** sê: "Tot hier moes ek jou onderrig, van hier af is alles in die Meester se hand. Wat Sy Wil is, sal ons ook wil en doen, want almal van ons is nog geestelik baie arm. Daarom moet ons by Hom bly, sodat ons die Koninkryk van die Hemele kan beërwe. Ons sal saam met die Meester lyding en vervolging deurstaan, sodat met en in Hom ons behoorlike vertroosting sal hê. In Sy Naam, laat ons lydsaam wees in al ons gedagtes, opinies, wense en begeertes, ook in al ons dade, sodat ons in staat kan wees **om ware besit te neem van die ware grond (adamah) wat die WARE LIEFDE VAN Elohim IN ONS HARTE IS.**

[2] Ons sal ook nie die land waar die omstandighede onaangenaam en onregverdig is, vermy nie, ons sal honger en dors bly vir Ware Geregtigheid, aangesien ons die Een by ons het wat ons waarlik vir ewig kan bevredig.

[3] En ons sal self uiters barmhartig wees teenoor almal, of hy regverdig of onregverdig met sy handelinge teenoor ons is al dan nie, **sodat ons in die oë van die Meester Sy groot Barmhartigheid waardig kan word.**

[4] Ons sal ook orals, net soos hier voor julle, ons harte so goed as moontlik bewaak teen moontlike onsuiwerheid, sodat die Meester Hom nie sal wegdraai van ons wanneer ons Hom aanskou nie. **Want met `n onsuiwer hart kan niemand Elohim nader en in die gees in alle Waarheid Sy Aangesig aanskou** asook die wonders van Sy werke nie.

[5] As ons harte suiwer is, moet ons vredeliewend, geduldig en sagmoedig teenoor almal wees, want `n woedende hart kan nooit suiwer wees nie, aangesien woede altyd uitspruit uit die grond van hoogmoed. Maar as ons harte vredeliewend is, kan ons met vertroue as kinders die Een nader wat ons SEUNSKAP VAN Elohim gebring het, Hyself wat ons geleer het om tot Elohim te bid as ons Vader.

[6] Dit is van geen belang nie, my vriend, as, soos wat jy glo, ons vervolg sal word in ander lande en plekke terwille van ons mees regverdige saak, want ons het Hom en deur Hom die hemele van die hemele. En daarom is ons alreeds hier geseënd, geweldig geseënd, of mense ons liefhet, of verag en ons vervolg terwille van Hom of nie, **want Hy is Meester oor alles en oor elke ding.** Ons dien Hom bo alles, Hy vir wie die hele hemele gehoorsaam is en altyd bereid is om te dien, soos wat ons onsself gister en gedurende vroeëre geleenthede onsself kon oortuig, en dit alleen is ons hoogste beloning en grootste eer. Daarom, moet nie oor ons bekommerd wees nie, want ons weet en ons herken dit waarmee ons rekening moet hou."

[7] **Die owerpriester** was baie verbaas oor hierdie toespraak so vol vasberadenheid en sê: "Waarlik, as ek nie hier benodig was en nie `n vrou en kinders en ander verpligtinge gehad het nie, sou ek saam met julle gegaan het."

[8] **Nathaniël** sê: "Ons het vrouens, kinders en ander dinge gelos en Hom gevolg, en ons vrouens en kinders lewe nietemin. Ek sal jou vertel wat ek daarvan dink. **Wie ookal in hierdie wêreld terwille van Sy Liefde, nie alles agterlaat nie, is Sy Barmhartigheid nie waardig nie**. Of dit jou nou aanstoot gee of nie, dit is die posisie. My hart vertel my so, en in die hart is alles waar as die gees daarbinne eers ontwaak het tot die lewende denke in Elohim. Hy het ons nie nodig nie, maar ons benodig Hom.

[9] Het julle Hom ooit gehelp om die ontsaglike son bo die uitgestrekte horison uit te lig sodat hy sy hemelse lig oor die wydtes van die aarde kan uitsprei? Of het een van julle ooit die boeie gesien, vergeet daarvan om dit eers na te maak, wat die Meester op die winde plaas, hoe Hy die weerlig en die magtige donder en die see in hul dieptes bedwing? Wie kan ooit aanspraak maak dat hy die Meester in enigiets gehelp het? En as dit dan so is, wie, wanneer hy deur die Meester geroep word om Hom te volg, kan nog oor sy vrou, sy kinders en sy besittings dink en Hom nie onvoorwaardelik volg nie, - Hy, die Meester van alle lewe, van al die hemelliggame en al die wêrelde, vir wie ons so lank gewag het om te kom en wie nou presies so gekom het soos wat al die profete en die stamvaders voorspel het."

[10] **Die owerpriester** sê: "As ek maar net nie die owerpriester was nie, sou ek waarlik gedoen het wat almal van julle hier gedoen het. Maar ek is die owerpriester en aangesien julle, soos wat ek gehoor het, slegs hier sal bly vir nog een dag, sal hierdie mense, wat so swak is in die geloof, my soos `n oog nodig hê om te kan sien. Julle sal dus verstaan dat ek hier moet bly, nie soseer terwille van my vrou, my kinders en my besittings nie, maar eerder terwille van hierdie swak gelowiges, wat vir `n geruime tyd nog nie in staat sal wees om hul vasgestelde idees van die verlede oor die natuur van die Messias en die doel van Sy koms te laat los nie. Dit sal `n groot poging verg, maar wat kan ek doen?

[11] Ek glo nou vas dat jou Meester die beloofde Messias is, maar wat van my kudde? Julle het gesien hoe van hulle tydens die predikasie die berg verlaat het. Hulle was ergerlik ongelowig en wat hulle nou met mening sal versprei aan die baie wat nog agtergebly en wat gister nog volkome geglo het, en hulle sal nou ook begin twyfel en nie meer weet wat om te glo nie.

[12] Dink daaraan watter taak ek, wat `n adviseur vir hulle almal is, gaan hê! Maar as ek hulle nie bekeer nie, sal hulle tot aan die einde van die wêreld bly wat ookal julle kan dink, maar nie wat hulle veronderstel is om te wees nie. En kyk, dit is die hoofrede waarom ek hier sal moet bly, en ek is oortuig dat die Meester my nie daaroor Sy Barmhartigheid sal ontneem nie. Alhoewel ek nie liggaamlik in Sy geselskap sal wees nie, **sal ek vir ewig geestelik daar bly en onderneem om Hom te dien** as `n mees getroue dienskneg en herder ooreenkomstig

Sy verkondigde lering, en ek dink dat Hy sal saamstem hiermee."

[13] **Ek** sê: "Ja, Ek sal daarvan hou en dit pas My baie goed. Jy sal `n uitstekende stuk gereedskap vir My in hierdie gemeenskap wees en jou beloning in die hemele sal eendag groot wees. Maar nou het die aand gekom, laat ons huis toe gaan. Laat dit so wees!"

[14] Na hierdie woorde stap ons die berg af en keer huiswaarts terug. Daar was nog steeds `n menigte om ons, alhoewel vroeër, toe Ek My predikasie geëindig het, **baie al vol ongeloof en ergerlikheid die plek verlaat het.**

### *Die genesing van die melaatse*

**46** Soos alreeds voorheen genoem, was ons nie eintlik op die top van die berg nie, maar laer af op die eerste hoogte, omdat die groter spasie wat daar was, geskik was vir die groot menigte wat My van die dorp af gevolg het. Onder hulle was daar baie ou en alreeds taamlik swak mense wat in die aansienlike hitte van die dag kwalik die top van die berg sou kon bereik. Maar ons was nietemin taamlik hoog op en die afgaan was maar stadig, aangesien die skemer dit moeilik gemaak het vir sommige mense met swak oë om die pad te sien.

[2] Met die wat ons toe stadig en versigtig van die berg afklim na die vlakte toe, lê daar **`n man** langs die pad, oortrek met bose swere. Hy staan onmiddellik op, kom na My toe en praat met `n klaende stem: "O Meester, as dit tog net U wil is, kan U my suiwer maak." Ek strek toe My hand oor hom uit en sê: "**So is dit My wil dat jy gesuiwer moet word.**" Oombliklik was die man gesuiwer van sy melaatsheid en alle swelsels, skubbe en rowe het skielik verdwyn. Omdat dit `n baie slegte geval van melaatsheid was, **totaal ongeneeslik** deur enige geneesheer, was al die mense baie verbaas toe hulle sien hoe skielik hy gesuiwer word van sy melaatsheid.

[3] Toe begin die gesuiwerde man My luidrugtig te prys, maar **Ek** waarsku hom en sê: "Ek sê nou vir jou dat jy vir niemand hiervan moet vertel nie, behalwe die owerpriester. Gaan na hom toe, hy stap agter ons saam met My leerlinge. As hy bevestig het dat jy gesuiwer is, gaan dan huistoe en offer op die altaar dit wat Moses voorgeskryf het."

[4] Die gesuiwerde man doen onmiddellik wat ek hom versoek het. **Die owerpriester** was ook grootliks verbaas en sê: "As `n geneesheer my sou vertel het: Kyk, ek gaan hierdie man gesond maak, sou ek net gelag het en sou gesê het: Ag, jou dwaas, gaan na die Eufraat en probeer dit leeg skep. Elke emmer wat getrek word, sal vervang word deur honderd duisende, maar dit sal egter makliker vir jou wees om die Eufraat te dreineer, as om hierdie man gesond te maak, **wie se vlees alreeds begin ontbind het**. En hierdie Man, wie ons nou as die Messias geïdentifiseer het, het dit reggekry met slegs een woord! Dit is in der waarheid vir ons voldoende. – **Hy is verseker die Messias**. – Ons het geen verdere bewys nodig nie.

[5] Waarlik, as iemand my vandag sal vra vir `n hemp, sal ek nie net my jas bysit nie, maar al my klere. Vir hierdie prys is ek waarlik gewillig om alles weg te gee, selfs tot by my hemp, en nou besef ek dat Sy lering `n suiwer goddelike lering is. **Ja, Hy Homself is nou as JaHWeH in die Vlees met ons**. Wat meer kan ons voor wens? Ek sal heelnag `n aankondiger wees om Sy teenwoordigheid in al die strate en lane aan te kondig."

[6] Na hierdie woorde hardloop **hy** na My, dit was **naby die put**, en val voor My voete neer en sê: "Meester, staan net vir `n oomblik stil sodat ek U mag aanbid, want U is nie net die Messias, Seun van Elohim nie, **maar Elohim Homself geklee in die Vlees, met ons."**

[7] **Ek** spreek: "Vriend, laat dit daar. Ek het jou alreeds gewys hoe jy moet bid. Bid dan in stilte, dit is voldoende. Moet nie vandag te veel doen nie, sodat jy as gevolg daarvan nie genoeg vir môre kan doen nie. Daar moet `n korrekte maat wees in alles. As jy die jas by die hemp bysit, is dit voldoende om vir ewig die arme jou baie goeie vriend te maak, maar as jy, wanneer hy slegs vir `n hemp vra, al jou klere sou bysit, **sal dit hom verleë maak en hy sal dink dat jy hom eerder wil beskaam** of dat jy van jou sinne beroof is. En sien, daardeur sal niks goeds bereik word nie.

[8] As iemand jou egter vir een sikkel vra en jy gee hom twee, of miskien drie, sal jy die lener se hart baie bly maak en jou eie baie bly. Maar as jy `n duisend sikkels gee aan die een wat na jou toe gekom het en slegs een wou leen, sal hy verontrus wees en dink: Wat beteken dit? Ek het hom vir een sikkel gevra en hy wil my alles gee wat hy besit? Dink hy ek is onversadigbaar, wil hy my verleë maak of het hy miskien mal geword? **Voorwaar, so `n man sal dan nie `n aanwins wees vir jou hart nie**, nog minder sal so `n houding van jou kant enige voordeel vir sy hart bring nie. **Daarom, net `n eerlike vol maat in alles, en dit sal heeltemal genoeg wees**."

[9] Hierdie instruksie het **die owerpriester** ten volle tevrede gestel en hy sê vir homself: "Ja, ja, Hy is reg in alles. As `n mens doen presies soos wat Hy sê, sal dit heeltemal in orde wees. **Wat meer of minder as dit is, is eerder sleg of dwaas.** Want as ek vandag alles weggee en daar kom môre `n nog armer man aan my deur klop, wat kan ek hom dan gee? Hoe treurig sal dit my maak, want ek sal nie langer in staat wees om `n nog armer man te help nie.

[10] Die Meester is so absoluut korrek in alle dinge en weet hoe om te skik sodat die beste maat orals aangewend kan word. Daarom, alle eer, lof en glansrykheid aan Hom alleen en die volste verering uit alle harte."